# Die Christelike lewensvisie van aartsbiskop Desmond M. Tutu
## (1) 'n Algemene oorsig

B.J. van der Walt
Skool vir Sosiale en Owerheidstudies (Filosofie)
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: hannah@intekom.co.za

**Abstract**

**The Christian worldview of Archbishop Desmond M. Tutu**
**(1) A general review**

*In the light of the sad fact that Archbishop Tutu's writings are often neither known nor read by the Afrikaans-speaking community, this tribute intends to be a brief, academic but accessible introduction to his thought – especially in the light of the fact that the Potchefstroom University for Christian Higher Education recently honoured him with an honorary doctorate for his significant contribution to Christian thought and life in South Africa and the rest of the world.*

*The focus of the article is not on Tutu as a person or his theology (which has been characterised in different ways), but provides an overview of his Christian worldview. Firstly, the different sources of his worldview are investigated. Secondly, an exposition is given of its six basic components: (1) Tutu's idea of God; (2) of God's laws for creation; (3) of time and history and (4) of our natural environment. The second article will deal separately with the two remaining components, viz (5) Tutu's view of being human and (6) of society, because they should be regarded as his most important contribution in shaping a genuine Christian worldview.*

*The preliminary conclusion is that, because Tutu listened carefully and obediently to God's threefold revelation, he succeeded in proclaiming both an integral and a relevant Christian worldview. This worldview is not dualistic in nature, dividing life in secular and sacred domains; it emphasises God's sovereignty over everything and religion as an all-encompassing service to God and our neighbour. The relevance of Tutu's worldview can not be confined to the apartheid era – it offers valuable perspectives and directions for Christian life in our increasingly secularised contemporary world.*

Opsomming

Die Christelike lewensvisie van aartsbiskop Desmond M. Tutu
(1) 'n Algemene oorsig

*In die lig van die feit dat die geskrifte van aartsbiskop Tutu nóg bekend is nóg gelees word deur die meeste lede van die Afrikaanssprekende gemeenskap, wil hierdie huldeblyk 'n kort, populêr-wetenskaplike inleiding tot sy denke bied – veral in die lig van die feit dat die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys hom onlangs met die toekenning van 'n eredoktorsgraad vereer het vir sy bydrae tot die Christelike denke en lewe in Suid-Afrika en daarbuite.*

*Die fokus van die artikel is nie op sy persoon of teologie (wat al verskillend getipeer is) nie, maar gee 'n oorsig oor sy Christelike lewensvisie. In die eerste plek word die bronne van sy lewensvisie ondersoek. In die tweede plek word 'n uiteensetting gegee van die basiese komponente daarvan: (1) sy Godsidee, (2) wetsidee, (3) idee oor tyd en geskiedenis en (4) oor die natuur. 'n Tweede artikel sal oor die twee oorblywende komponente handel: (5) sy mens- en (6) samelewingsbeskouing, wat beskou kan word as sy belangrikste bydrae tot 'n werklik Christelike lewensvisie.*

*Die voorlopige konklusie is dat, omdat Tutu noukeurig en gehoorsaam na God se drieërlei openbaring geluister het, hy daarin geslaag het om 'n integrale en relevante lewensvisie te verkondig wat die lewe nie in 'n sekulêre en sakrale terrein verdeel nie. Hierdie lewensvisie beklemtoon God se soewereiniteit oor alles en religie as allesomvattende diens aan God en ons naaste. Die waarde van sy lewensvisie kan ook nie beperk word tot die apartheidstyd nie – dit bied waardevolle perspektiewe en riglyne vir die Christelike lewe in ons toenemende gesekulariseerde wêreld.*

# 1. Agtergrond

## Eerherstel

Op 27 November 2002 ken die Potchefstroomse Universiteit vir CHO die graad *philosophiae doctor honoris causa* toe aan aartsbiskop (emeritus) Desmond Mpilo Tutu op grond van sy Christenskap en sy bydrae tot die Christendom in Suid-Afrika, Afrika en die res van die wêreld. Die motivering vir die toekenning is onder andere sy toewyding aan en vergestalting van 'n integrale Christelike lewensvisie, getrou aan die Woord van God en relevant vir die Suid-Afrikaanse konteks. Op grond van hierdie lewenvisie het hy dekades lank vir die vreedsame verandering van die politiek-sosiaal-ekonomiese situasie in Suid-Afrika gestry, sonder om die persoonlik-geestelike dimensie van die evangelie te verwaarloos. In sy lewe en geskrifte het beginsels en waardes soos liefde, bewoënheid, geregtigheid, waarheid, versoening, vrede, onverskrokkenheid, nederigheid en humor duidelike gestalte gekry.

## Een van die groot seuns van Afrika

Wat die PU vir CHO se eredoktorsgraad betref, sou ’n mens kon sê: “Liewer laat as nooit” – Tutu het alreeds ongeveer 100 ander eredoktorsgrade vanoor die hele wêreld ontvang. Afgesien hiervan is ook drie feesbundels aan hom opgedra (vgl. Tlhagale & Mosala, 1986; Hulley, Kretzschmar & Pato, 1996 en Human, 2002); ’n lywige biografie is oor hom geskryf (vgl. Du Bolay, 1988); verskeie seleksies met sy geskrifte is gepubliseer (vgl. N. Tutu, 1989; Tutu, 1982a, 1982b, 1984a, 1985a, 1985b, 1991a, 1991b, 1994 en 1997); ’n boek oor die Waarheids- en Versoeningskommissie verskyn in 1999 uit sy pen en in ’n bundel oor invloedryke Suid-Afrikaners van die twintigste eeu word ook vir hom plek ingeruim (vgl. Kretszchmar, 1999).

Tog was hierdie eerherstel deur ’n Christelike, tradisioneel blanke universiteit ’n belangrike stap. Terwyl Tutu deur ander (vgl. *Introduction* to Tutu, 1982a) “die Ghandi van Suid-Afrika” en ’n “uitstaande visionêre Christen” genoem is, “wat die kerk weer tot die wesentlike Christendom teruggelei het”, is hy deur die meeste (veral Afrikaanssprekende) blankes as “openbare vyand nommer een” bestempel (vergelyk Mandela in sy *Preface* tot Tutu, 1994:xi) en dikwels geïgnoreer. Iemand (vgl. Anoniem, 2003) skryf dan ook later in *Kampusnuus*, die nuusblad van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, oor die geleentheid by die toekenning van die eredoktorsgraad: “Jy besef dat hier iets groters aan die gebeur is. Jy besef dit gaan hier oor meer as net die toekenning van ’n graad. Dit is die kulminasie van jare se emosionele, politieke en sosiale bagasie wat vandag afgegooi word.”

Dit is jammer dat hierdie gepaste huldeblyk aan een van die mees gerespekteerde Christenleiers van ons land ’n onaangename nadraai gehad het.[1]

---

1 Op die Nasionale (blanke) Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (6-16 Januarie 2003) vra die Partikuliere of Streeksinode Bosveld dat die Nasionale Sinode hom moet distansieer van die besluit van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO om ’n eredoktorsgraad aan Tutu toe te ken (vgl. Jackson, 2003). Die Bosveld Sinode voer onder andere aan dat (1) Tutu se lewensbeskouing nie Bybels gefundeerd is nie, maar eerder wortel in die Sosialisme en godloënende Kommunisme; (2) hy sou nie die soewereiniteit en enigheid van God erken nie, laasgenoemde omdat hy sou beweer het dat God ook die God van die Hindoes en Moslems is; (3) hy beperk nie die werk van die Heilige Gees tot die Christendom nie; (4) kritiseer die Kapitalisme en (5) sou simpatiek teenoor homoseksueles wees. (Die volledige beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld is te vinde in die Aanvullende Agenda van die Nasionale Sinode [2003:632-635] en kom ooreen met die brief aan die Raad van die PU vir CHO asook die artikel van Le Cornu [2002], behalwe dat die kras veroordelende slot van Le Cornu weggelaat is.)

**Blywende aktualiteit**

Hierdie artikel(s) is nie 'n *post mortem* ter verdediging van die eredoktorsgraad nie – navorsing daaroor het reeds vroeg in 2002 begin. *Afgesien* van die toekenning van die graad en die onvanpaste reaksie wat dit by 'n groepie mense gehad het, is dit myns insiens die moeite werd om Tutu se Christelike lewensvisie noukeurig te bekyk. Die gebeure tussen November 2002 en Januarie 2003 het slegs die noodsaaklikheid van iets soos hierdie bydrae – waarin Tutu self aan die woord gestel sal word en hy nie op grond van hoor-sê ver-/beoordeel sal word nie – onderstreep. Omdat hy nie net die vorige (NP) regering gekritiseer het nie, maar ook teenoor die nuwe (ANC) regering krities is, getuig sy denke en optrede nie net van konsekwentheid en integriteit nie, maar het dit ook blywende waarde vir die nuwe bedeling en die nuwe eeu wat ons betree het.

## 2. Fokus

Presies waarop in hierdie bydrae toegespits word, sou die beste gestel kon word deur eers te sê wat dit *nie* wil doen nie – en so ook moontlike misverstande of te groot verwagtings voorkom.

**Wat die fokus nie wil wees nie**

- *In die eerste plek* handel hierdie artikel nie oor Tutu as mens, as leier (vgl. Rensburg, 2002) of as Christen nie. Mazibuko (1986) noem hom byvoorbeeld 'n warm, vredeliewende, eerlike, bewoë en dapper mens

Gelukkig het die Nasionale Sinode die voorstel van Partikuliere Sinode Bosveld op formele gronde verwerp, naamlik dat dit nie gepas is dat 'n sinode inmeng in die besluite van 'n ander outonome instelling (die Universiteit) nie. Die kritiek op Tutu het dus nie ter sprake gekom nie – die Sinode het dit nie aanvaar of verwerp nie. Myns insiens is dit tog jammer dat die Sinode nie die geleentheid gebruik het om 'n positiewe noot te laat hoor oor die groot bydrae wat Tutu as Christen tot die Suid-Afrikaanse samelewing in die algemeen en die Christendom in besonder gemaak het nie.

Die niks minder as tragiese uiteinde van die hele saak was dat aartsbiskop Tutu die rektor van die Potchefstroomse Universiteit 'n aanbod gemaak het om – as dit die Universiteit in enige verleentheid sou bring – sy eredoktorsgraad terug te gee (vgl. Torr, 2003). Sover my kennis strek, het geen kerklike vergadering nog ooit beswaar gemaak teen eredoktorsgrade deur die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys toegeken nie – ten spyte van die feit dat sommige van diegene wat sulke grade ontvang het, nie naastenby die statuur van Tutu was nie. En nog nooit voorheen, sover ek weet, is 'n eredoktorandus van die PU vir CHO in die onbenydenswaardige posisie geplaas om dit te oorweeg om so 'n graad "terug te gee" nie. Gelukkig het die rektor van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys aartsbiskop Tutu laat weet dat, hoewel hy sy gevoelens respekteer en waardeer, die Universiteit nie in verleentheid is nie en daar van 'n terugtrekking van die graad geen sprake is nie.

vol humor. In verskeie ander bundels (byvoorbeeld Tlhagale & Mosala, 1986:12, 19, 24 en Tutu, 1984a:17, 22) word melding gemaak van sy opregte Christelike geloof wat hom deur al die moeilike jare van apartheid staande gehou het, asook die feit dat hy homself as ’n deur God geroepene beskou het en nie as ’n politikus nie.

- *In die tweede plek* sal ek ook nie Tutu se “teologie” beskryf en ontleed nie. Hy is al op verskillende maniere getipeer, byvoorbeeld:
  - as *teoloog*, bloot omdat hy in sy denke die Bybel gebruik het;
  - as *bevrydingsteoloog* (vgl. byvoorbeeld Pieterse, 1995), omdat hy Suid-Afrika van die apartheidsideologie en sy gevolge wou help bevry;
  - as *profetiese teoloog* (vgl. byvoorbeeld Nolan, 1986), omdat hy die tekens van die tye kon lees en vanuit die Skrif daarop gereageer het;
  - as *Afrikateoloog* (vgl. byvoorbeeld Hodgson, 1996), aangesien sy Christelike denke deur goeie trekke van die Afrikakultuur verryk is.

Dit bly egter ’n ope vraag of een van hierdie tiperings werklik ten volle aan die “essensiële Tutu” reg kan laat geskied. Tutu gebruik soms wel die woord “teologie”, maar heelwaarskynlik in ’n taamlike breë, onomlynde betekenis. Dwane (1986:20) beweer myns insiens tereg dat Tutu se bedoeling nie was om ’n wetenskaplike teologie in die tradisionele sin te ontwikkel nie: “He has never been known to indulge in the pursuit of recondite and high-faluting ideas either for selfish enjoyment, or as an attempt to impress lesser mortals with his learning.”

Tutu self (1984a:75) maak tereg ook duidelik onderskeid tussen teologie en die Woord van God: “… theology can never properly claim an universality which rightly belongs only to the eternal Gospel of Jesus Christ. Theology is a human activity possessing the limitations and particularities of those who are theologising”. Verder sê hy uitdruklik (vgl. Tutu, 1985a:8) dat hy nie probeer het om dik boeke met bloudrukke vir maatskaplike verandering te skryf nie, omdat hyself ’n dromer is. Dromers droom, sien visoene – iets wat tipies van ’n lewensvisie is.

Dalk beweeg ons dus nader aan die “ware” Tutu as ons sy geskrifte beskou as ’n poging om ’n breë Christelike lewensvisie te verkondig. Met so ’n radikaal-Christelike lewensvisie wou hy die ontspoorde Christelike lewensvisie agter apartheid ontmasker en bestry.

- *In die derde plek* sal die artikel(s), omdat dit op lewensbeskoulike aspekte konsentreer, nie op detailverskille tussen verskillende kerklike konfessies en dogmas ingaan nie. Dit behoort in gedagte gehou te

word dat 'n Bybelse lewensvisie nie kerklik afgegrens kan word nie, omdat dit veel breër van aard as kerklike belydenisse is. Daarom gebeur dit dat gereformeerde kerke 'n baie onreformatoriese lewensvisie kan huldig, terwyl kerke en individue wat nie die naam "reformatories" dra nie, 'n suiwer Bybelsbegronde lewensvisie kan huldig en uitleef.

## Die spesifieke fokus

Wat is dan wel die fokus van hierdie artikels? Om in Afrikaans en spesifiek vir Afrikaanse lesers 'n kort, sistematiese oorsig van Tutu se Christelike lewensvisie te gee. (Die vraag van 'n moontlike ontwikkeling of verandering in sy lewensvisie word voorlopig nie hier behandel nie.) Om die moontlike kritiek te vermy dat ek Tutu bloot gebruik om my eie gedagtes uit te spreek, sal hy self soveel moontlik die woord gegee word.[2] Die uiteensetting word gedoen aan die hand van die volgende ses basiese komponente van 'n lewensvisie (vgl. Van der Walt, 1999b:59-60): sy godsidee, wetsidee, mensbeskouing, visie op die samelewing, die geskiedenis en die natuur.

Tutu se mensbeskouing bepaal sy visie op die samelewing. Dié twee komponente van sy lewensvisie sal sáám in die artikel wat hierna volg, aan die orde kom, omdat Tutu in sy geskrifte self daaraan die meeste aandag gegee het en dit dan ook as sy besondere bydrae tot 'n Christelike lewensbeskouing gesien kan word.

## Blywende waarde te midde van toenemende sekularisme

Vir die ingeligte leser sal die blywende waarde van Tutu se lewensvisie in die loop van die uiteensetting duidelik blyk. Die relevansie daarvan is nie beperk tot die stryd teen apartheid, wat nou verledetyd is nie. Dit bevat beslis ook 'n boodskap vir die toenemende sekularisme wat ons vandag beleef.

2 My artikel(s) is nie net beskeie in omvang en pretensie nie, maar vir 'n grondiger Tutu-studie is 'n volledige Tutu-bibliografie ook 'n vereiste – iets wat, sover ek kon vasstel, ongelukkig nog nie bestaan nie. Tutu self of sy sekretaresse beskik nie oor 'n lys nie. Ook die Desmond Tutu-Biblioteek te Munsieville (Krugersdorp) het maar so pas begin om sy gepubliseerde werke te versamel, terwyl ook sy talle ongepubliseerde toesprake 'n belangrike deel van 'n eventuele Tutu-bibliografie sou kon uitmaak. Selfs die meeste van sy belangrikste gepubliseerde geskrifte is seleksies van die betrokke redakteurs. Ek het op laasgenoemde bronne (verspreid by verskillende Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke) gekonsentreer.

Omdat hierdie twee artikels 'n eenheid vorm, in dieselfde uitgawe van hierdie blad verskyn en ook om ruimte te spaar, volg 'n volledige bibliografie eers aan die einde van die tweede artikel.

Tutu se lewensvisie is byvoorbeeld krities teenoor die volgende trekke van die huidige sekularistiese lewensvisie:

- ’n skeiding tussen die openbare, sogenaamde sekulêre lewe, byvoorbeeld politiek, waarin godsdiens geen plek het nie, en die private, persoonlike lewe, waar elkeen volgens eie geloof lewe;
- die privatisering van die Christelike geloof tot ’n beperkte aantal etiese probleme;
- die vervlakking van godsdiens tot iets terapeuties wat ’n mens goed moet laat voel;
- die verkommersialisering van die hele lewe – kerk en godsdiens inkluis;
- die neo-liberale, sogenaamde vryemark-ideologie, deur groeiende globalisering aangedryf.

**Eerder waarderend as krities**

Hierdie bydrae gee ten slotte nie voor om meer as ’n eerste kennismaking met ’n Christendenker te wees wat binne Afrikanergeledere skandelik misken is nie. Hierdie bydrae kan ook nie neutraal wees nie. Anders as die Tutu-interpretasie van diegene in voetnoot (1) hierbo vermeld, sou dit ook moontlik wees om Tutu só te interpreteer dat hy ’n prima-Dopper is en dalk selfs ’n ereprofessoraat aan die Teologiese Skool van Potchefstroom verdien. Ek hoop dat ek die twee uiterstes kon vermy.

Ek laat doelbewus my kleiner verskille met Tutu agterweë om eerder te konsentreer op wat ons by hom kan waardeer. Hoe wil ons hê die Christendom moet in ons land oorleef as ons as Christene onsself voortdurend daaraan skuldig maak om splinters in medechristene se oë te soek, terwyl ons die balke in ons eie oë nie raaksien nie?

Die eerste belangrike vraag – voordat ons die ses lewensbeskoulike elemente beskryf – is wat die fondamente of inspirasiesbronne van sy Christelike lewensvisie was. Is dit (ala Partikuliere Sinode Bosveld) “die Sosialisme en die Godloënende, rewolusionêre Kommunisme” of dalk tog die Woord van God?

## 3. God se drieërlei openbaring as die grondslag vir Tutu se Christelike lewensvisie

Daar bestaan by my geen twyfel dat Tutu die gesag van God se openbaring ernstig geneem het nie, solank ons aanneem dat God Hom-

self nie net in geskrewe vorm in die Skrif nie, maar ook in nie-talige vorm in sy skepping openbaar.

## Die Bybel as bron en grondslag

In die eerste plek is die Bybel vir Tutu die maatstaf:

> Everything we do or say must be tested whether it is consistent with the Gospel of Jesus Christ or not, and not whether it is merely expedient or even acceptable to the government of the day or whether it is popular (Tutu, 1984a:153).

Omdat die Bybel so radikaal is, kan dit egter 'n gevaarlike boek wees vir dié wat nie daarna wil luister nie:

> … the Bible is the most revolutionary, the most radical book there is. If a book had to be banned by those who rule unjustly and as tyrants, then it ought to have been the Bible (Tutu, 1984a:178; vgl. ook Tutu, 1999:11).

Tutu wys ook daarop dat die Bybel 'n genre op sy eie is en dus versigtig geïnterpreteer moet word. Oor die Bybelse skeppingsverhaal sê hy byvoorbeeld (vgl. Tutu, 1997:24) dat die Bybel nie bedoel is om vir ons presies te sê *hoe* alles ontstaan het nie maar *deur Wie* en *waarom* dit geskep is.

Verder lê Tutu nie net klem op gebed oor die algemeen nie (Tutu, 1995 is 'n gebedeboek), maar ook daarop dat geloof en gebed noodsaaklik is om die Bybel reg te verstaan en uit te leef. Cull (1996:13 e.v.) wys daarop dat Tutu as Anglikaan in 'n eeu-oue Benediktynse tradisie staan waarin spiritualiteit baie belangrik is. Tutu het die drie Benediktynse vereistes van rus, gebed en werk (in dié volgorde) baie getrou in sy eie geestelike lewe toegepas. Daarom het hy gereeld tye of 'n hele dag gewy aan stilte en meditasie en hom selfs vir langer "retreats" afgesonder. Talle skrywers oor Tutu beklemtoon hoe belangrik hy gebed beskou het om die wil van God te verstaan. Tutu (1989:28) self sê: "A church that does not pray is quite useless. Christians who do not pray are of no earthly worth."

Omdat gebed en werk *(ora at labora)* in Tutu se spiritualiteit 'n eenheid gevorm het, het hy egter nie in óf piëtistiese wêreldontvlugting óf wêreldse aktivisme verval nie. Cull (1996:33) verduidelik: "… his prayer informs his work, his work is an expression of his life of prayer". Tutu word dus nie moeg om allerlei dualistiese houdings by Christene te kritiseer nie en propageer op grond van die Skrif voortdurend integrale Christenskap.

## God se skeppingsopenbaring

Maar, omdat Tutu 'n relevante "teologie" wou hê, het hy, behalwe die Skrif, ook noukeurig na die Christelike tradisie en God se "algemene" openbaring in die skepping geluister, na die heersende politiek-sosiaal-ekonomiese omstandighede. Hierbenewens was Tutu oortuig dat 'n Christelike lewensvisie vir Afrika ook die ryk tradisionele Afrikakultuur as geldig moet erken. In sy gebedeboek (Tutu, 1995) neem hy behalwe Christelike ook tradisionele Afrikagebede op.

Sy dogter (N. Tutu, 1989:14) noem die Christendom en die Afrikakultuur tereg die twee basiese fondamente van sy denke. Tutu word daarom dikwels 'n "Afrikateoloog" genoem, omdat hy dit so sterk beklemtoon het dat Afrikane nie skaam hoef te wees oor hulle eie kultuur nie en daarom hoef te dink dat hulle eers Westerse tale, gewoontes en klere moet aanneem om waarlik Christene te kan wees nie. Die Westerse gestalte van die Christendom is immers maar net een van die baie beliggamings daarvan.

> Africans apprehend God and the things of God as Africans and have to express that experience of the divine in African ways … We can express our faith through symbols of our own culture. We don't have to protect God; we don't have to be scared on God's behalf. The truth of God is powerful (Tutu, 1997:28, 29).

Ongelukkig kon ek nie literatuur vind waarin Tutu hom eksplisiet uitspreek oor *hoe presies* hy die verhouding tussen die twee bronne van sy denke sien nie. Dit is 'n belangrike vraag, wat ons sou kon help om te bepaal presies watter soort Christelike lewensvisie hy voorstaan. Oor die algemeen is dit egter duidelik dat hy nie iemand is wat die tradisionele Afrikakultuur kritiekloos aanvaar nie.

## Christus as voorbeeld

'n Besondere trek van Tutu se denke is die belangrike rol wat Christus, God se vleesgeworde openbaring, daarin speel. (Vgl. die latere uiteensetting vir voorbeelde.) In Jesus Christus het God se Skrifopenbaring en skeppingsopenbaring saamgetrek en 'n hoogtepunt bereik. Hy het ons duideliker as ooit tevore (in menslike gestalte) kom leer hoe God wil hê dat ons moet leef, wat dit beteken om waarlik mens te wees. Daarom wys Tutu voortdurend op Hom as ons voorbeeld – nie om nageboots te word nie, maar nagevolg te word.

Samevattend die volgende konklusie: Omdat Tutu God se drieërlei openbaring ernstig bestudeer het, het hy daarin geslaag om nie net 'n *integrale* nie, maar ook 'n *relevante* Christelike lewensvisie te verwoord. Soos later nog baie duidelik sal blyk, verwerp hy op grond van die Skrif

enige dualistiese visie waarvolgens die Christen ’n skisofrene bestaan tussen heilige en sekulêre dinge moet voer. God se Woord geld vir hom óf op *elke* terrein óf dit is nie sy Woord waarop ons ons beroep nie.

### ’n Naam?

Tutu gee sy lewensvisie nie ’n naam nie, iets wat ons sou kon help om dit van die verskeidenheid ander Christelike lewensvisies te onderskei. Die woorde *reformasie* en *reformatories* het in sy tyd ’n slegte politieke konnotasie gehad, omdat dit gedui het op die *verbetering* in plaas van die *verwerping* van die apartheidsbestel. Ek sou egter nie huiwer om die hooftrekke van sy lewensvisie “Reformatories” te noem nie. (Vgl. Van der Walt, 1999b:121 e.v. vir ’n vergelyking van die Reformatoriese lewensvisie met ander Christelike lewensvisies. Dié uitstaande trek van die Reformatoriese lewensvisie is sy integrale, nie-dualistiese perspektief op die skepping en ons lewe daarin.)

### Noodwendige verarming

Ons is nou gereed om Tutu se lewensvisie sistematies weer te gee volgens die ses basiese komponente daarvan: sy godsidee, wetsidee, visie op geskiedenis en natuur en daarna sy mens- en samelewingsvisie. ’n Sistematiese weergawe het ongelukkig ook nadele. Die belangrikste daarvan is seker dat Tutu se lewendige taal, voorbeelde, verhale en humor in my weergawe grotendeels verlore gaan. Soos deur verskeie skrywers opgemerk, het hy ’n flambojante, gevatte styl, toegespits op konkrete probleme en situasies. Moontlik spoor my “droër” weergawe lesers dus aan om Tutu eerder self te lees.

## 4. Tutu se Godsidee

Ons let hier alleen op enkele kenmerkende trekke van Tutu se Godsidee. Aangesien mense in sekere kringe (vgl. voetnoot 1), beweer dat hy God se soewereiniteit ontken, begin ons daarmee. Die erkenning van God se soewereiniteit op *alle* lewensterreine is immers die tipiese trek van ’n egte Reformatoriese lewensvisie teenoor dualistiese Christelike visies wat op een of ander wyse sy soewereiniteit beperk tot byvoorbeeld die sogenaamde geestelike lewe.

### God is soewereine Koning oor alles

As ons na Tutu self luister, hoef daar geen twyfel te wees oor die vraag of hy God beskou as die Soewereine, wie se wil op elke terrein gehoorsaam moet word nie. “We declare the Lordship and Kingship of God … We declare that he is the Lord of all life” (Tutu, 1994:13). Elders: “Man, this is God’s world. He is in charge. The kingdoms of this world are becoming the Kingdom of God and of his Christ and he shall reign for

ever and ever" (Tutu, 1994:39). Weer: "All life belongs to God" (Tutu, 1984a:176). Nog duideliker: "… all of life belongs as a whole to God, both in its secular and sacred aspects" (Tutu, 1982a:15).

Omdat Tutu altyd op die praktyk gerig is, word die implikasies van God se soewereiniteit duidelik uitgespel: "The whole of life is important, political, economic and social, and none of these aspects is untouched by religion as we understand it" (Tutu, 1984a:177). Hieruit blyk reeds (en dit sal later oor en oor bevestig word) dat godsdiens vir Tutu nie net 'n deeltjie van sy lewe is nie, maar sy totale bestaan omvat. Hy beroep hom op ons voorbeeld, Christus: "… we could not accuse our Lord of using religion as a form of escapism from the harsh realities of life, as most people live and experience it" (Tutu, 1982a:4).

### God is naby

God se soewereiniteit, God as die wetgewer, beteken geensins vir Tutu dat hy – soos die Afrikatradisie leer – 'n veraf, onbetrokke God is nie. Nee, God is intiem by sy skepping betrokke: "… despite all appearances to the contrary, this is God's world. He cares and cares enormously …" (Tutu, 1982a:11). Hy onderskei duidelik tussen God se ontologiese andersheid en sy religieuse nabyheid.

Op sy tipies humoristiese wyse verduidelik hy byvoorbeeld God se betrokkenheid in die geval van Daniël en sy drie vriende in die vuuroond: "The God we worship is not a God who gives good advice from a distance. He doesn't tell his people to wear asbestos suits before going into the furnace. He goes right in there with them" (Tutu, 1997:15).

Elders kontrasteer hy sy eie, Bybelse Godsidee met die Griekse idee:

> God … is a God of grace, of compassion and mercy. He is not God far away or an impotent God. He is moved by the agony and suffering of his people and cannot be an Aristotelian unmoved mover dwelling in an unassailable Olympian height (Tutu, 1984a:79).

Soos later nog sal blyk, is God as gevolg van sy religieuse nabyheid ook intiem in die geskiedenis werksaam.

### God is liefde

God is so naby ons omdat Hy 'n God van liefde is. Tutu praat in dié verband – merkwaardig – nie net van God se groot, onbegryplike liefde in Christus nie, maar bemerk sy liefde reeds by die skepping:

> … God created us because God *wanted* us, not because God *needed* us … We need never have been … we were created by love, for love and so that we should love … None of us is an accident … We were loved, that is why we were created (Tutu, 1995:xviii).

Tutu kan God se liefde – ook vir homself – nie genoeg beklemtoon nie:

> I am loved. That is the most important fact about me and nothing, absolutely nothing can change that fact. All I do now is an expression of gratitude for what God has already done for me in Jesus Christ my Lord and Saviour (Tutu, 1984a:139).

**God is genadig**

Uit bogenoemde aanhaling blyk dat Tutu die Reformatoriese gedagte van *sola gratia* (deur genade alleen) en ons plig tot 'n lewe van dankbaarheid onderskryf. Hy sê dit uitdruklik: "The Good News is that God loved me long before I could have done anything to deserve it … God's love and compassion are given freely and without measure, they are not earned" (Tutu, 1984a:138). In dié verband beroep hy hom op Paulus wat gesê het dat God ons reeds liefgehad het terwyl ons nog sondaars was.

Met 'n pragtige anekdote verduidelik Tutu dat God se groot liefde – juis omdat dit onverdiend is – nie tot Christene beperk mag word nie. 'n Beroemde wetenskaplike wou 'n eenvoudige priestertjie met allerhande argumente probeer oorreed dat God nie bestaan nie en hy dus nie in Hom kan glo nie. Die priester was egter nie op sy mond geval nie: "O, dit maak nie saak nie – God glo wel in jou" (vgl. Tutu, 1984a:144).

**God kies kant**

Die volgende deurlopende aksent van Tutu se Godsidee was seker die moeilikste verteerbaar vir diegene wat deur apartheid bevoordeel is: "… God is on the side of the oppressed, the marginalised and the exploited. He is a God of the poor, of the hungry, of the naked …" (Tutu, 1982a:11).

Weereens is dit nie 'n abstrakte, irrelevante deug of eienskap van God nie, maar met 'n konkrete appèl op ons eie lewe:

> Our God is not a neutral God. We have a God who does take sides. Our God is a God with a bias for the weak, and we, who are the people of this God, who have to reflect the character of this God, have no option but to have a special concern for those who are pushed to the edges of society (Tutu, 1997:13).

Tutu is daarop bedag dat dit nie hyself is wat sê dat God kant kies nie. Die Bybel leer dit en hy (Tutu) toon dit met talle Skrifgedeeltes aan. Waarom kies God die kant van die armes en onderdruktes? Omdat Hy 'n God van liefde is (vgl. Tutu, 1984a:42), maar veral omdat Hy 'n God van geregtigheid is (vgl. Tutu, 1982a:40). Tutu verwys graag na die gedeelte in Romeine 8:31-39 met bekende verse soos: "God is vir ons, wie kan dan teen ons wees" (vs. 31), en vers 38, 39 waar die vaste geloof

uitgespreek word dat niks, absoluut niks ons kan skei van die liefde wat daar vir ons in Christus is nie. In die hitte van die stryd en te midde van verguising en selfs lewensgevaar moes dit vir hom – en vele ander – baie beteken het.

## Christus se inkarnasie

Tutu se Godsidee is trinitaries: dit sluit Vader, Seun en Heilige Gees in. Ruimte laat egter nie toe om dit ook te bespreek nie. Ten slotte slegs nog iets oor die Seun, Jesus Christus.

Tutu lê – tipies Reformatories – nie net klem op Christus se verlossing nie, maar ook op sy inkarnasie – weereens nie as ’n abstrakte dogma nie, maar met belangrike gevolge vir ons eie lewe. Christus se menswording bevestig vir hom die belangrikheid van die mens se lewe hier op aarde. Daarom sal ons baie meer besorgd moet wees oor ons naaste: waar en hoe hulle leef (in haglike omstandighede), of hulle regverdig behandel word, sonder verhoor gevange gehou word, swak onderwys ontvang, geen politieke regte het nie, ensovoorts (vgl. Tutu, 1994:117). Soos gewoonlik kom daar iets skerps en pittigs by: “If Christ returned to South Africa today, He would almost certainly be detained under present security laws, because of his concern for the poor, the hungry and the oppressed” (aangehaal deur Du Boulay, 1988:262).

Omdat die Bybels-Reformatoriese gedagte dat godsdiens beteken om erns te maak met hierdie skepping (ons kan God alleen *in* sy skepping dien) so treffend deur Tutu verwoord word, kan ek die versoeking nie weerstaan om hom breedvoering aan die woord te stel nie:

> We often think of religion as life-denying – as a series of ‘don’t this and don’t the other’, as a spoilsport wet-blanket, stopping us from doing the things we most enjoy doing or letting us do them, but with a guilty conscience … Let me tell you straight away that that is a travesty of what religion is all about – certainly the religion of Jesus. Jesus was splendidly life-affirming. How else could you explain His concern to heal the sick, to feed the hungry, etc., when he could have said: ‘Let’s pray about it, and it will be okay upstairs when you die’? He forgave sins, to relieve God’s children from all that was unnecessarily burdensome. And He celebrated life and the good things that His Father had created. He was often depicted attending dinner parties and weddings, and had provided wine once at a wedding when supplies had run out … He declared by this his open and welcoming attitude to life, that all life, secular and sacred, material and spiritual, belonged to God, come from God and would return to God. Many religious people think that long, sulky faces somehow are related to holiness – they often look as though they have taken an unexpected dose of castor oil and find it hard to laugh in church, being somewhat sheepish when they do …

> Jesus celebrated life and He declares wholesome things good – we are meant to enjoy good food, glorious music, beautiful girls and lovely men, attractive scenery, noble literature, refreshing creation – they are part of what life is about (Tutu, 1984a:141-143).

Ek vind dit jammer dat Tutu nog steeds onderskeidings soos "sekulêr en heilig" en "materieël en geestelik" gebruik. Dit mag – ten spyte van sy bedoeling om dit te oorkom – 'n dualisme in sy denke verraai. Dit kan egter ook wees dat hy, om sy eie integrale visie beter te kan verduidelik, dié soort standaardterminologie besig. (Vergelyk ook vorige aanhalings).

### Christus se opstanding

Behalwe op Christus se inkarnasie, lê Tutu – weer heel gereformeerd – ook klem op sy opstanding. Ook in hierdie geval staan die praktiese konsekwensies vir ons voorop. Christus se opstanding beteken oorwinning oor en bevryding van elke moontlike vorm van verslawing en onderdrukking. Tutu lê (as "bevrydingsteoloog") groot klem op die Eksodus-motief wat deur die Bybel loop en benadruk voortdurend dat bevryding in Christus ons *hele* lewe raak. Dit is nie iets bo-wêrelds, bonatuurliks nie – soos duidelik uit Eksodus blyk waarin beskryf word hoe God 'n *werklike* volk uit *konkrete* omstandighede verlos het.

### Konklusie

Reeds uit hierdie kort, heeltemal onvolledige weergawe is dit meer as duidelik dat Tutu se Godsidee aan die Bybel getrou wil wees. Hy staan nie 'n vae Godsbegrip, aanvaarbaar vir elkeen, voor nie. Die uitspraak aan hom toegeskryf, naamlik dat God ook die God van die Hindoes en die Moslems is, dui in plaas van op relativisme en sinkretisme, myns insiens eerder op sy geloof in die een ware God. Tesame met sy verdraagsaamheid teenoor ander godsdienste (iets wat ons positief behoort te beoordeel), het hy nog altyd sy Christelike geloof onbeskaamd in die openbaar bely.

## 5. Tutu se wetsidee

Die aanvaarding van God as soewereine Heerser oor alles wat Hy geskep het, impliseer reeds dat sy wil, soos uitgedruk in sy wette en gebooie vir die skepping, op 'n besondere wyse vir die mens geld. Soos te verwagte, lei Tutu se konkrete en praktiese gerigtheid hom nie tot 'n afsonderlike betoog oor sy wetsbeskouing nie. Hy gaan eenvoudig daarvan uit dat God se wil in alles gehoorsaam moet word.

Hy beklemtoon byvoorbeeld oor en oor dat ons in 'n "morele werklikheid" lewe en reg en verkeerd dus saak maak (vgl. byvoorbeeld Tutu, 1997:71). "God is a God who cares about right and wrong. God cares

about justice and injustice" (Tutu, 1994:201, vgl. ook Tutu, 1984a:42). (Ek sou ander terminologie as "'n morele werklikheid" verkies, omdat die morele maar een aspek van God se wil vir ons bestaan is – BJvdW.)

## Die sentrale gebod

Groot klem word verder deur hom gelê op God se fundamentele, sentrale gebod van liefde tot Hom en tot ons naaste. En – ons kon dit al voorsien – hy word nie moeg om die onverbreekbare eenheid tussen die twee kante van hierdie *een* gebod te beklemtoon nie. Omdat ons mense *van God* is, moet ons mense *vir mekaar* wees! "God who, when you worship him, turns you around to be concerned for your neighbour. He does not tolerate a relationship with himself that excludes your neighbour" (aangehaal deur N. Tutu, 1989:84). Met talle voorbeelde uit die Bybel bewys hy dat mense wat beweer hulle het God lief en Hom dien, maar hulle nie oor hulle naaste ontferm nie, hulself bedrieg en 'n valse Christendom beoefen.

Die twee kante van die een gebod kan nie geskei word nie, want "Our love of God is tested and proved by our love for our neighbour" (aangehaal deur N. Tutu, 1989:29). Elders word dit soos volg gestel: "Our so-called vertical relationship with God is authenticated and expressed through our so-called horizontal relationship with our neighbour" (Tutu, 1984a:84, 85).

Soos Tutu graag doen, word ook in hierdie geval gewys op Christus as ons navolgenswaardige voorbeeld:

> Christ knows nothing about a pie in the sky when you die, a concern for man's soul only. Jesus healed the sick, fed the hungry, etc … because He turned Godwards, He of necessity had to be turned manwards (Tutu, 1984a:85).

Ons naaste wat ons moet liefhê, sluit sonder onderskeid almal in – anders as wat die apartheidsdogma graag verkondig het.

Politieke geregtigheid is dan ook vir Tutu nie iets wat los staan van God se sentrale liefdesgebod nie – dit is 'n bepaalde, spesifieke gestalte van die liefde.

## Juridies korrek is nie vanselfsprekend moreel reg nie

In dié verband onderstreep Tutu in verskillende geskrifte (vgl. onder andere Tutu, 1984a:67, 98; 1989:52) dat Suid-Afrikaners geneig is om iets wat wetlik reg is ook as moreel reg te aanvaar. Dit is egter nodig om duidelik tussen die twee te onderskei: iets wat 'n regering wettig maak, is nog nie moreel (dit wil sê volgens God se wil) reg nie. Die baie apartheidswette was 'n sprekende voorbeeld daarvan.

Hierdie onderskeid is vandag nog net so belangrik as destyds toe Tutu dit gebruik het ter regverdiging van burgerlike ongehoorsaamheid. Die Christen moet God se wet bo alles gehoorsaam, selfs al moet dit ongehoorsaamheid teenoor onregmatige, onderdrukkende, menslike gesag beteken.

## 6. Tutu se visie op tyd en geskiedenis

’n Duidelike bewys dat Tutu voor God se openbaring buig en nie onkrities teenoor sy eie kultuur is nie, vind ons in sy beskouinge oor tyd en geskiedenis. Terselfdertyd is hy ook krities teenoor Westerse idees in dié verband.

Omdat die diskrepansie tussen leer en lewe soms baie groot kan wees, moet ’n mens, om iemand se lewensvisie werklik te leer ken, dikwels eerder kyk na wat hy/sy doen en hoe hy leef, as om te luister na wat hy sê en skryf. Dit doen ons nou in die geval van Tutu se tydsidee omdat (sover ek kon vasstel) hy hom nie in sy geskrifte daaroor uitspreek nie.

### Geen “Afrikatyd” nie

Hy aanvaar nie die tradisionele Afrikagedagte dat die mens die baas van die tyd is en maar onverantwoordelik daarmee kan omgaan, soos byvoorbeeld om gereeld laat vir werk op te daag nie. ’n Persoon wat nou met Tutu saamgewerk het toe hy Algemene Sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke was, deel die volgende mee:

> Baba (dit is hoe hulle Tutu genoem het – BJvdW) dislikes lateness. Late coming prompted him to write memo after memo to the staff of the SACC … In the seven years at SACC he has proved to all that there is no ‘African time’. The few instances when he lost his cool were instances of not being punctual. He would notice anyone absent or late and would expect an explanation from the person (Mazibuko, 1986:17, 18).

Tutu verwerp egter ook die Westerse visie op en houding teenoor tyd, wat daarop neerkom dat ons nie base nie, maar slawe van die tyd is en gevolglik altyd gejaagd moet leef. Hy kritiseer ’n samelewing waarin selfs ons kinders van jongs af aan die *rat-race* moet deelneem. “I long for a society which is … not ruled by the rat-race” (Tutu, 1982a:85).

Op grond van die getuienis van mense wat Tutu goed ken, moet ons dus konkludeer dat hy nóg (soos Afrikane dikwels doen) tyd verspil, nóg (soos Westerlinge geneig is) dit verafgod. Volgens Mazibuko (1986:18) het Tutu se dag al om 04:00 soggens begin en lank na normale werksure eers geeïndig – terwyl hy terselfdertyd gereeld sy middag-siesta geniet het. Hy het homself, omdat tyd ’n kosbare gawe, maar terselfdertyd ’n

groot opgawe van God is, nie as *baas* of as *slaaf*, maar eerder as *rentmeester* van tyd beskou.

### Aanvaar nóg Afrika nóg die Weste se geskiedenisvisie

Ook wat sy geskiedenisbeskouing betref, kon hy op Bybelse gronde weerstand bied teen sowel die suigkrag van die tradisionele Afrikavisie as die moderne Westerse beskouing.

Tradisionele Afrika is geneig om staties op die verlede gerig te wees as gevolg van ’n sikliese visie op die geskiedenis. Tutu sê egter:

> An utterly novel thing happened with the Israelite belief in Jahweh, a god who took human history seriously. History … was not cyclic but moved towards an end, *telos*, and so was linear, teleological and eschatological. It was open ended and not a deterministic or closed system, precisely because God was not a god of the status quo but a god who always took and takes the initiative to create new things, surprising things (Tutu, 1984a:78, 79).

Die Westerse liniêre visie op tyd stem ooreen met dié van die Skrif, maar lê as gevolg van die vooruitgangsgeloof verkeerdelik te veel klem op wat kom en dus ’n malle gejaag na ’n “beter” toekoms. Dit is een van die redes waarom Tutu (vgl. byvoorbeeld Tutu, 1982a:74, 85) krities is teenoor die hedendaagse, kapitalistiese, vryemark-ideologie.

### ’n Bybelse visie

Die mees grondliggende rede waarom Tutu van sowel Afrikane as Westerlinge se visie op die geskiedenis verskil, is omdat hy nie soos hulle albei die geskiedenis van God wil losmaak nie: “God is the Lord of history” (Tutu, 1984a:65).

Die hoofmomente van God se leiding van die geskiedenis is skepping, sondeval en verlossing (vgl. Tutu, 1984a:154). Dit is ’n suiwer Bybelse perspektief, wat ook ’n sentrale rol in die Reformatoriese lewensvisie en filosofie speel. Tutu (1984a:159-164) bied pragtige, Skrifgegronde perspektiewe in dié verband (waarop ons as gevolg van ruimtegebrek nie hier kan ingaan nie). Die laaste (vierde) fase van die geskiedenis onder God se leiding is die voleinding. Volgens Tutu is die einddoel van die geskiedenis dit wat die Skrif self duidelik leer: die finale koms van God se koninkryk. (Vergelyk byvoorbeeld aanhalings by die uiteensetting van sy Godsidee hierbo.)

## 7. Tutu se visie op ons natuurlike omgewing

Ook in hierdie opsig is Tutu se uitgangspunt heeltemal Reformatories, in ooreenstemming met die Bybel. Hy beklemtoon die belangrike Bybelse

gedagte dat die mens rentmeester van God oor sy skepping is. Daarom val hy nóg in die slaggat van die tradisionele, animistiese Afrikavisie, waarvolgens die natuur *vereer* moet word, omdat alles vol geeste is, nóg in die slagyster van die hedendaagse, sekulêre Westerse gedagte dat die natuur maar roekeloos *uitgebuit* mag word.

### Rentmeesterskap as norm

Hy verduidelik die idee van rentmeesterskap soos volg:

> Human beings are created, so St. Augustine of Hippo tells us, by God, like God, for God. God creates man to become His viceroy, His representative to rule over the rest of creation on God's behalf … That is the high privilege bestowed on each human person, male and female … that each human being is God's own representative, own viceroy or ambassador, and no mention is made of race or nationality or colour … note that they are expected to rule over the rest of creation on behalf of God (Tutu, 1984a:160).

Tutu (1982a:99, 100) raak liries as hy oor ons mooi land skryf:

> … a beautiful land of rolling hills and gurgling streams, of clear starlit skies, of singing birds and gambolling lambs; a land God has richly blessed with the good things of the earth, a land rich in mineral deposits of nearly every kind, a land of vast open spaces, enough to accommodate all its inhabitants comfortably, a land capable of feeding itself and other lands of the beleaguered continent of Africa, a veritable bread basket; a land that could contribute wonderfully to the material and spiritual development of all Africa and indeed of the whole world.

### Mislukte rentmeesterskap

Ongelukkig moet Tutu erken dat ons nie verantwoordelike rentmeesters was nie (vgl. Tutu, 1982a:79, 80). Hy noem verskillende bekende voorbeelde soos ons plundering van die natuur, die erosie van vrugbare bogrond, die onverantwoordelike gebruik van onvervangbare energiebronne, die opgaar van gevaarlike kernafval, ensovoorts.

In die lig van sy natuurwaardering huiwer hy nie om byvoorbeeld sy eie mense soos volg streng te vermaan oor die slordigheid en rommelstrooiery in baie swart woongebiede nie:

> We are losing our self-respect, demonstrated, it seems to me, most graphically by the … dumping and littering in our townships … we are not rubbish. Why do we seem to say that is what we are when we see how we treat our already poor environment? (Tutu, 1994:229, 230).

Daarom spoor hy die kerke aan om by opruimingswerk betrokke te raak:

> We live in ghettos, many of us, but we don't have to behave like pigs … We are not rubbish, but if we don't get rid of rubbish, then we soon

> behave as if we were rubbish … Perhaps we will realise that littering is a crime as well as a sin. We are spoiling God's creation of which we are meant to be responsible stewards (Tutu, 1997:53).

**Die Afrikabydrae**

In die volgende woorde blyk weer hoe hy, behalwe op die Skrif en die Christendom, op die holistiese, organiese Afrikalewensvisie steun:

> The world is discovering we are made for interdependence not just with human beings; we are finding out that we depend on what used to be called inanimate nature. When Africans said, 'Oh, don't treat that tree like that, it feels pain', others used to say, 'Ah, they're pre-scientific, they're primitive'. It is wonderful now how they are beginning to discover that it is true – that the tree does hurt and if you hurt the tree, in an extraordinary way you hurt yourself (Tutu, 1997:70).

## 8. Voorlopige konklusie

Tot sover het ons vier komponente van Tutu se Christelike lewensvisie van nader bekyk. In die tweede aflewering moet sy, myns insiens, heel belangrikste bydrae tot 'n Christelike lewensvisie nog bespreek word, naamlik sy mens- en samelewingsvisie. Ten spyte van die feit dat Tutu se lewensvisie nog nie volledig behandel is nie, is my voorlopige gevolgtrekking dat ek geen rede kan vind om my van sy beskouinge te distansieer nie. Inteendeel, dit is – anders as die dualistiese, Christelik-nasionale lewensvisie waartoe die Calvinisme in Suid-Afrika ontaard het – 'n integrale lewensvisie. Die relevansie van sy lewensvisie is ook nie beperk tot die apartheidsera nie. Dit bied belangrike perspektiewe en riglyne vir ons lewe as Christene te midde van groeiende sekularisme.

(*Vir die bibliografie en kernwoorde sien die einde van die volgende artikel.*)